

# ST. CLARA

## 11 AUGUSTUS

(1193-1253)

Op 18-jarige leeftyd verlaat Clara haar ouerhuis om die heilige Franciskus te volg. Sy word die eerste owerste van die nuutgestigte Franciskaanse vroue-orde wat weldra as die Clarisse bekend sou staan. As owerste het Clara dit as haar taak beskou om die diensmeisie van haar medesusters te wees. Haar opregte nederigheid en liefde vir armoede en eenvoud, saam met haar vrolike en opgeruimde gees het van daardie huis 'n Evangeliese trekpleister gemaak. Van oral het jong vroue gekom om aan te sluit en van ver het mense gekom om haar raad en voorbidding te vra. Haar laaste woorde voordat sy sterf was: *"Liewe God, hoe bly is ek nie, dat U my geskep het!"*

